BEELD
06 Jul 2011, p.7

Nestlé stel SA ouers gerus oor babakos

Suid-Afrikaanse ouers hoef hulle nie te bekommer oor Nestlé se besluit om babakos in Frankryk terug te roep omdat glas dalk daarin voorkom nie.

Me. Motshidisi Mokwena, woordvoerder van Nestlé Suid-Afrika, het gister bevestig dat Suid-Afrika "glad nie hierdeur geraak word nie".

Paniek het onlangs op verskeie sosiale netwerke opgevlam omdat Nestlé in Frankryk die reeks P'tit Pot Recette Banana in glashouers van die mark onttrek het nadat iemand glas daarin gevind het. Dié kos sou in 2012 verval het.

Mokwena het gesê dié produk is nie in Suid-Afrika beskikbaar nie. "Alle plaaslike Nestlé-babakosprodukte is veilig," het sy gesê.